Junie / June 2018

Werk saam SSK Wen saam

# WENAKKER

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Psalm 92 vers 11: "Maar vir my gee U krag soos dié van 'n buffel, U laat my 'n oorwinningsfees vier."

# SSK ONTWIKKEL OPKOMENDE BOERE
# SSK AND FARMER DEVELOPMENT



From left to right; Allen Jeftha, Chris Louw, Dirkie Willemse, Dirk van Papendorp, Wilmar Adams.

SSK streef daarna om met behoud van stabiliteit die welvaart en voortbestaan van die organisasie en sy lede deur groei en diversifikasie te bevorder.

Since 2006, SSK has become actively involved in empowerment initiatives in primary agriculture in its geographical service area. This involvement arises from SSK's desire to contribute to the realisation of agricultural transformation in South Africa.

Voldoende befondsing, konsekwente mentorskaps programme en bystand met suksesvolle krediet- en administrasie bestuur is die noodsaaklike faktore wat deur SSK geïdentifiseer is om opkomende landbouers te help slaag.

Dirk van Papendorp, Voorsitter van SSK, beklemtoon die volgende krities-belangrike aspekte:

- Toegang tot genoegsame bewerkbare landbougrond.
- 'n Passie vir landbou en al sy fasette.
- Holistiese beplanning met die fokus op presisie boerdery, om sodoende effektiwiteit en mededingendheid te verseker.
- Finansiële kontrole en begrotings-beplanning sodat fondse ten beste aangewend kan word.
- Doelwit gefokusde mentorskap om die optimale produksie van landbou-produkte te verseker.

To address the crucial areas listed above and to facilitate membership of SSK, a Membership Assistance Fund was established. Prospective members apply for 4000 shares in SSK at a total nominal value of R4000. This amount is lent to the member at zero interest with no set repayment norms. All member bonus declarations are automatically applied to this debt until the loan is repaid in full, after which member bonuses will be paid out in the ordinary course of business. Every member making use of this initiative, furthermore qualifies for a credit facility guaranteed by the shares held in SSK.

The active mentorship programme involves assistance with production plans, land preparation budgets, crop budgets and environmental plans.

*- na bl.2*



SSK Meganisasie het onlangs 47 New Holland trekkers gestuur na Windhoek, Namibië toe. Internasionale handel hier kom ons!

- van bl.1

Monitoring and evaluation by dedicated SSK Agronomists, Agricultural Economists and Credit Managers take place on a continuous basis.

- The production plan outlines the activities that need to be executed in a specified time period; the objectives for the activities; as well as performance indicators used to monitor and assess progress in order to pro-actively identify gaps and opportunities.
- The land preparation budget is created to address the costs in preparing for production of crops and should put the emerging farmer in a position to farm the crops throughout the year, on a normal production cost budget.
- The annual crop budget serves to quantify the costs of all expenditure necessary for a full year crop production.
- The environmental plan sets the guidelines for the utilization of the total land area, to prevent over exploitation.

SSK has been actively involved in the following transformation projects in its region:

- The Suurbraak Grain Farmers Co-operative Ltd was established in 2011 and currently cultivates 700 hectares of summer grains.
- The Slangrivier Saambou Boere Co-operative Ltd was established in 2012 in the Heidelberg district. Approximately 172 hectares summer grains are currently cultivated .
- Olieboomskraal Co-operative Ltd was established in 2015 in the Heidelberg district and cultivates 232 hectares of summer grains.

Verskeie ander, individuele opkomende landbouers, wat met onder andere somergewasse, tabak, en vee boer, is tans begunstigdes van die SSK Mentorskap program. SSK lidmaatskap van voorheen benadeelde individue het van minder as 1% in 2013 tot 6% in 2017 gestyg.

Verwagte uitkomste vir die projekte is dat landbouers die geleentheid gebied word, om voldoende kapitaal gedurende 'n 5-jaar tydperk op te bou sodat hulle self-onderhoudend kan word. Dirk van Papendorp glo dat die SSK model van stelselmatige en volhoubare bemagtiging uiteindelik sal bydra daartoe dat landbou transformasie in Suid Afrika 'n sukses storie kan word.

*- Annelie van Wyk*

# GOSA IS BREËBORS

## oor bedryf én boere se effektiwiteit



V.l.n.r. Eddie de Jager, Gerdus Steyn en Henry Gale van SSK by die Graanhanterings Simposium op Mosselbaai.

'n Geskatte 20 miljoen ton graan- en oliesadevoorrade is in die 2017-seisoen effektief deur die Graanhanterings-organisasie (GOSA) se lede hanteer.

GOSA bedank sy lede vir die effektiewe hantering van die vorige seisoen se rekord mielie-oes van bykans 17 miljoen ton. "Ondanks goeie of slegte tye is ons in landbou verplig om aan Suid-Afrikaners se bevolking 'n gerusstelling te verskaf rakende voedselsekerheid en -sekuriteit. GOSA is trots op die onderskeie landbou-organisasies en hul samewerking. Die land se nagenoeg 33 000 primêre produsente, wat gereken word as van die beste in die wêreld, en dit sonder enige staatsubsidies soos hul eweknieë elders ter wêreld, verdien besondere eer," het Me Annatjie Loio, Voorsitter van GOSA, by die organisasie se 35ste simposium in Mosselbaai gesê.

Volgens die mees onlangse oesskatting behoort 12,2 miljoen ton mielies dié seisoen geoes te word. Die oordragvoorrade van nagenoeg 3,5 miljoen ton mielies en verbruik van 10,5 miljoen ton per jaar, laat die plaaslike bedryf met 'n hele paar miljoen ton mielies vir uitvoere.

Loio wys daarop dat 'n uitdaging die landbousektor in die gesig staar aangesien die gemiddelde ouderdom van produsente tans ouer as 60 jaar is. "Die jonger generasie moet deelneem aan die voorsiening van voedsel vir ons land," het sy gemaan en bygevoeg dat grondonteiening sonder vergoeding verhoed moet word, ten einde produsente in staat te stel om voedselsekerheid te handhaaf.

Na 'n strategiese beplanningsessie deur GOSA met verskeie rolspelers uit die bedryf in Februarie vanjaar, is die organisasie tans besig om sy posisionering te herbedink. Planne hieromtrent sluit in om die verteenwoordiging uit te brei ten einde die graanwaardeketting in geheel in te sluit. Die aanstelling van 'n bestuurder en uitbreiding van die raad word ook in die vooruitsig gestel.

*- Bron GOSA*

## TOP 10 WINES

**DER KELDERMEISTER**

1. Van Loveren Pinotage
2. Unbelievable Red
3. Van Loveren Sauvignon Blanc
4. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
5. Bon Courage Blush Vin Doux
6. Van Loveren Neil's Pick Colombar
7. Unbelievable White
8. Jakkalsvlei Coffee Pinotage
9. Beyerskloof Pinotage
10. Unbelievable Sweet Rosé

**SSK suggestion for winter**
Koelenbosch Merlot 2015




**ON PROMOTION SOON**

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | FEB 2018 | MAART 2018 | APRIL 2018 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 23mm | 13mm | 45mm |
| Albertinia | 10mm | 23.2mm | 8.5mm |
| Ashton | 3.5mm | 13mm | 3.5mm |
| Avontuur | 44mm | 54mm | 23mm |
| George | 27mm | 96mm | 6mm |
| Heidelberg | 6.5mm | 36mm | 22.5mm |
| Herold | 9.5mm | 17.5mm | 8mm |
| Joubertina | 29mm | 21mm | 12mm |
| Karringmelks | 0mm | 29mm | 10mm |
| Knysna | 53mm | 92mm | 51mm |
| Misgund | 22mm | 36mm | 17mm |
| Mosselbaai | 14mm | 60mm | 3mm |
| Protem | 5.8mm | 21mm | 12.7mm |
| Plettenbergbaai | 27.5mm | 65.6mm | 36.5mm |
| Riversdal | 10mm | 30.7mm | 18.8mm |
| Swellendam | 5mm | 35mm | 12.5mm |

FOKUS OP SSK LEDE

# ALVI VAN DER MERWE (VAN ALVI'S DRIFT PRIVAAT WYNKELDER)

Alvi (Albertus Viljoen) van der Merwe van Alvis' Drift is 'n man van vele talente. Mediese dokter, boerseun, oud WP voorryman en laaste, maar nie die minste nie, kreatiewe wynmaker van formaat. Voeg daarby sy vrou, Junel Vermeulen, wat 'n Kaapse Wynmeester is, en jy het 'n wenresep wat vir niks skrik nie.

Die Alvi's Drift privaat wynkelder is geleë in die Breederiviervallei tussen die berge van Worcester en Villiersdorp en vorm deel uit van die familieplaas Alfalfa. Volgens Alvi is dit juis die briesie van die koue Atlantiese-oseaan en die koue nagtemperature wat bydra tot die kwaliteit pryswenner wyne wat hulle op die rak kan plaas. Ek kuier een herfsmiddag saam met hulle om 'n langtafel in hulle binneplaas en drink koue Chenin Blanc, wat volgens Junel, Alvi se gunsteling wyn is. Ons gesels soos ou vriende. Dit is maklik, want Alvi en Junel is lekker mense wat die lewe in al sy voluit aangryp. Volgens Junel “verdeel water mense, maar wyn verenig” en Alvi praat van “a journey of joy”.

Die familieplaas, Alfalfa, wat die Arabiese benaming vir “lusern” is, is sedert 1928 in Van der Merwe besit. Oupa, ook Alvi van der Merwe, was volgens oorlewering die eerste Suid Afrikaner wat 'n drie teen die magtige All Blacks, (of “the Invincibles”, soos hulle daardie tyd bekend gestaan het), kon aanteken. Hy het later vir die Springbokke uitgedraf, maar het as 19-jarige flank vir die WP Platteland-span die drie gedruk.

Oupa Alvi se seun Bertie, het die plaas ná hom oorgeneem. Bertie en sy vrou Muberna, bly nou nog op die plaas en neem nog voluit deel aan die boerderybedrywighede. Alvi vertel dat sy pa op 80 jaar, elke dag met die motorfiets op die plaas rondry om 'n oog oor alles te gooi. Sy ma stap elke dag 5 km en is deel van die “naughty girls” klub wat blykbaar hulle naam goed gestand hou! Dit is dus duidelik dat die appel in die geval nie ver van die boom af geval het nie. Bertie was verantwoordelik vir die uitbreiding van al die plase, het op die bestuur van beide die KWV en die Suid-Afrikaanse Brandewyn Raad gedien en aan die groot handelaars wyn gelewer. Die kelder het daardie tyd bekend gestaan as Rondebosch Kelders. Hy het in 1967 Alfalfa melkery begin, wat vandag nog steeds suksesvol uitbrei.

Alvi se broer, Johan wat hom as 'n prokureur bekwaam het en self vir WP uitgedraf het, bedryf die suiwelplaas wat 'n kaasmakery insluit, asook 'n hoender- en varkboerdery. Daar is ook 'n wildskamp op die plaas met eland, springbok, volstruis, gemsbok en zebra wat vryelik rondloop.

Ek het al baie gewonder oor die naam “Alvi's Drift” en Alvi verduidelik dat hy sy wynreeks vernoem het na die nabygeleë drif oor die Breederivier. Sy oupa het in 1928 die drif help bou en daar word al jare na die drif as “Alvi's Drift” in die volksmond verwys. Ek merk op dat alhoewel dit laterig op 'n Vrydagmiddag is, al die werkers wat ek teëkom nog breed glimlag, dus geniet hul wat hul doen. Dit blyk inderdaad so te wees, want elke werknemer neem eienaarskap van die proses en is met reg trots op die eindproduk.

Alvi bedryf, behalwe vir die wingerde en die wynmakery ook die sitrus en steenvrugte. 450 hektaar van Alfalfa word toegewy aan 19 druif variëteite. Alvi's Drift wyne is tans in 15 lande beskikbaar en die kwaliteit daarvan word wyd en syd gereken. Die kelder het al 'n SA Nasionale kampioen Chardonnay en Chenin Blanc opgelewer en die Reserve Drift Fusion Cape Blend wyn, is 'n maatstaf vir ander wyne in die unieke kategorie. Die Premium wynreeks dra oupa se naam: Albertus Viljoen Bismarck op die etiket,- 'n Shiraz gebaseerde rooi versnit- en Albertus Viljoen Chenin Blanc, wat in 2015 die vyf ster John Platter toekenning ontvang het.

Voordat ek laat middag vertrek proe ek eers Alvi se parma ham wat hy in die kelder hang om te verouder en leer 'n nuwe woord “charcuterie”. Dit behels die kuns om vleisprodukte soos ham, spek, wors, ens te vervaardig. Alvi en Junel het 'n passie vir die lewe en kos, wyn en kuier het hulle tot 'n fyn kuns vervolmaak. Ek sal nooit weer Alvi's Drift wyne drink sonder om aan die spesiale middag terug te dink nie!

- Annelie van Wyk



Alvi van der Merwe en sy vrou Jonel Vermeulen stap in die wingerde met die Great Dane, Shaka.



Pa Bertie, Johan en Alvi van der Merwe op die Alvi's Drift brug.

## LANGDIENS ERKENNING

**40 JAAR:** James Abraham Nicolaas Ackhurst
**30 JAAR:** Annaleen van Wyk
**25 JAAR:** Jeff Pike, Evelyn Bruiners, John January, Jan Liebenberg, Abraham Johannes Ackerman
**20 JAAR:** Jolene Cordier
**15 JAAR:** Willem Burger, Envir Francke, Sicelo Mdliwa, Conrad Pietersen, Garth Esau, Alexander Burger, Dial Blou, Elricho Klaasen, Grace Alley, Edwin Esau
**10 JAAR:** Stephanus Scholtz, Monique Smith, Genneveve Wagman, Janine Appollis, Nath'O Neil Blaauw, Annelie van Wyk, Daniel Claassen, Sturgess Kortje, Casper de Jager

# DIE SSK GROEP

SSK se betrokkenheid by sy filiale en geassosieerdes is die gevolg van 'n voortgesette ingesteldheid om besighede in die streeksgebaseerde landbou waardeketting op te rig. Ten einde diversifikasie te bewerkstellig word beleggings buite die primêre landbou ook op 'n voortdurende basis oorweeg.

SOILL is 'n moderne olie-ontginnings aanleg en eetbare olie-raffinadery wat geleë is in Swellendam en verbind is tot die verskaffing van gesonde alternatiewe olies, nasionaal en internasionaal. Die primêre fokus is die ontsluiting van waarde uit canolasaad wat in die Wes- en Suid-Kaap geproduseer word en bemark word onder die vlagskip handelsmerk, B-Well. SOILL het onlangs 'n 100% belang in Energy Oil verkry. SSK het 'n 60.45% aandeel in SOILL.
**www.soill.co.za T 028 514 3441**

Energy Omega Oils is a pre-eminent supplier of bulk energy feed to the local animal feed industry and formulate various specialized blends of high quality refined vegetable oils and animal fats, used in animal feed to provide optimum energy and an enhanced coat shine. Energy Oil is a member of AFMA and PFI and all products are registered with the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries E Mail: **patrick@energyoil.co.za T 082 771 7262**

Eureka Meulens produseer steengemaalde witbrood-, bruinbrood-, koek-, volkoring-, gekneusde rog- en rogmeel asook ander verbruikersprodukte soos beskuit, koekies en bakmengsels vanuit die meule en bakkery te Karringmelksrivier, buite Heidelberg, Wes Kaap. Eureka Meulens gebruik slegs hoë - gehalte, plaaslik geproduseerde koring. SSK het 'n 60% aandeel in Eureka Meulens.
**www.eurekamills.co.za T 028 722 1887**

Procuro Grain besit 'n strategies geleë, Safex geregistreerde, silokompleks in Randfontein, Gauteng. Die primêre fokus is op graanopberging en waardetoevoeging vir sy aandeelhouers. SSK besit 'n 33.33% aandeel in Procuro Grain. **T 028 514 8600**

Tuinroete Agri is 'n maatskappy wat verhuring van vaste eiendom as hoofdoelstelling het. Die primêre bates is eiendomme geleë in die Tuinroete- en Karoo area, vanwaar landboukundige dienste en produkte gelewer word. SSK besit 'n 100% aandeel in Tuinroete Agri.
**T 044 601 1200**

Walts Malting vervaardig mout vanuit hoofsaaklik gars by hul splinternuwe moutery, geleë in Bellville, Wes-Kaap. Die mout is hoofsaaklik bestem vir die nasionale "craft" biermark. SSK besit 'n 100% aandeelhouding in Walts Malting.
**www.waltsmaltingcraftmalt.co.za**
**T 021 951 1556**

SwellenMark besit en bestuur 'n luukse winkelsentrum, met plaaslike en nasionale huurders, in die sentrale sakekern van Swellendam. Dit bied meer as 6800 vierkante meter lugversorgde kleinhandelsruimte, met genoeg gerieflike parkering om kliënte 'n aangename inkopie-ervaring te verseker. SSK besit 'n 68% aandeel in SwellenMark. **www.swellenmark.co.za T 082 389 0002**

Softlutions is 'n innoverende sagteware ontwikkelingsmaatskappy wat daarna streef om sagteware-ontwikkelings funksionaliteit wat nie tegnologie gebonde is, aan hul kliente te bied. SSK besit 'n 51% aandeel in Softlutions. **www.softlutions.co.za T 021 852 2141**

Hessequa Abattoir bedryf 'n slagpale in Riversdal, Wes-Kaap. Skaap en bees word aangekoop van produsente in die Suid-Kaap, Overberg en Karoo, waarna dit verwerk en versprei word aan verskeie groothandelaars en slaghuise in die Wes Kaap. SSK het 'n 52.78% aandeel in Hessequa Abbatoir. **T 028 713 1713**

SSK

GROEP

SSB is 'n beleggings maatskappy wat fokus op lewensvatbare nie-landbougeleenthede. Die huidige beleggings bestaan uit eiendom, asook belange in beide Blinkbeleg Vyftien (Edms) Bpk en Riparian Investment Consortium 1 (Edms) Bpk. SSK besit 'n 100% aandeel in SSB. **T 028 514 8600**

**BLINKBELEG VYFTIEN**

Blinkbeleg Vyftien is 'n maatskappy wat verhuring van vaste eiendom as hoofdoelstelling het. Die primêre bate is 'n vertoonlokaal, dienstesentrum en vulstasie in Swellendam. SSK besit, via SSB, 'n 100% aandeel in Blinkbeleg Vyftien. **T 028 514 1150**

RIC 1 is die eienaar van 1 060 000 aandele in die Pioneer Foods Groep Bpk as deel van hul bemagtiging struktuur wat in 2012 geïmplementeer is. Die belegging het 'n voorgeskrewe hou-tydperk van 7 jaar en sal dus in 2019 volwassenheid bereik. Na die terugbetaling van alle skuld en opgeloopte rente teen hierdie datum, sal die oorblywende fondse / aandele verdeel word aan die aandeelhouers van die maatskappy. SSK besit, via SS Beleggings, 'n 40% aandeel in. **T 028 5148600**

Technifarm, met kantore in Swellendam en Potchefstroom is 'n presisieboerdery, monitering en metings maatskappy. SSK besit 'n 50% aandeel in Technifarm. **www.technifarm.co.za T 028 514 3140**

FOKUS OP SSK WERKNEMER

# ANDRE JOUBERT (SENIOR BESTUURDER: KREDIET)



Die Joubert gesin: Andre saam sy vrou, Sunette en dogter Milan.

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek het grootgeword op ons familieplaas net buite Swellendam en het in 1998 matrikuleer aan Paarl Gimnasium. Na skool was ek 2 jaar oorsee en het onderskeidelik in Australië en Engeland gewerk. Met my terugkoms het ek 'n B.Agric. Admin asook 'n Honneursgraad in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Voordat ek my loopbaan in die bankwese begin het, het ek eers geboer op die familieplaas, toe gewerk in Engeland en daarna die Falkland Eilande. Ek is getroud met Sunette, 'n oud Vredendaller en ons bly sedert Februarie 2012 in Swellendam. Ons is die trotse ouers van 'n pragtige 2-jarige dogtertjie, Milan en in Junie word ons ook 'n seuntjie ryker.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Wel definitief nie kamp nie! Ek is 'n kampeerder, maar my vrou glad nie. Maar soos die spreekwoord sê: " Opposites attract". So die naaste wat ek aan kamp kom is op my kampstoel langs die vuurtjie. Ons geniet die buitelewe en natuur, (soveel as wat 'n 2-jarige ons toelaat) en gaan graag Pilanesberg toe. Alleen tyd as familie sowel as tyd met vriende is vir ons baie belangrik. En dan natuurlik weet almal wat my ken, hoe lief ek vir 'n lekker braai is.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het onderskeidelik 5 jaar elk by FNB en ABSA as Landbou-ekonoom gewerk waar ek omgesien het na die Weskus sowel as die Overberg-distrik. Na 10 jaar in die bankwese het SSK my 'n nuwe geleentheid gebied, waaroor ek baie bly is.

### WAT IS JOU GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE TOT OP HEDE?

Elke keer wat ek 'n boer/lid kan help bystaan, hetsy dit is om 'n plaas te koop of om deur 'n moeilike seisoen te kom, is dit vir my 'n persoonlike loopbaan prestasie.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Sou dit vir my bestem wees, verseker om nog steeds deel van die SSK familie te wees. Ek glo daar is nog baie geleenthede binne SSK vir groei. Nie net vir myself, maar ook vir almal wat daar werk en wat daarna strewe om 'n verskil te maak en 'n bydrae te maak tot die groei van SSK.

**SSK oor 5 jaar:** Groter is nie altyd beter nie, maar ek is oortuig daarvan dat as jy 'n wenresep vir 'n besigheid het wat werk en waarin sy lede en personeel glo, dan kan 'n organisasie soos SSK nie anders as om te groei en groter te raak nie. Nie net as 'n besigheid nie, maar ook as 'n landbou-organisasie wat na sy lede en ook sy personeel omsien. Ek glo SSK is nog 'n jong en dinamiese besigheid en dat dit weldra dié landboubesigheid in Suid-Afrika gaan word.

Ek is bevoorreg om deel te wees van 'n ongelooflike bestuurspan en met die potensiaal gaan SSK verseker nuwe hoogtes bereik.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET EN VAN WIE?

Sjoe dis moeilik...ek kry daagliks nog baie raad en ek koester alles wat ek kry. Die grondslag is egter gevorm in my kinderjare deur die waardes wat ek in my ouerhuis geleer het en die "raad" wat hulle my gegee het.

## VAKATURES

Die volgende vakatures is tans beskikbaar by SSK vir jeugdiges, wat belangstel in onderstaande rigtings en deur middel van indiens-opleiding 'n loopbaan in die landbou in die Suid-Kaap wil vestig:

**1.JUNIOR MEGANISASIE BEMARKER: GEORGE**
Kandidate wat entoesiasties en gretig is om te leer, sonder enige relevante vorige ondervinding, sal oorweeg word. Boerdery agtergrond, sowel as kennis van die streek, sal beslis tot voordeel van die kandidaat strek. Die persoon sal die unieke geleentheid kry, om saam met ervare en kundige personeel, sowel as die SSK masjinerie- en toerusting verskaffers (New Holland, RovicLeers, ens.), 'n periode van indiens-opleiding te ondergaan. Hierdie is 'n seldsame geleentheid vir die regte persoon om hom/haar te bekwaam in 'n veld waar ondervinding en spesialis produkkennis van landboumasjinerie, 'n skaars vaardigheid en dus baie waardevol is. Die geleentheid bied langtermyn loopbaan geleenthede as Meganisasie Bemarker by SSK.

**2.LEERLING GRAANGRADEERDERS: HEIDELBERG EN SWELLENDAM**
Kandidate sonder enige relevante vorige ondervinding sal oorweeg word. Boerdery agtergrond en spesifiek in die graanbedryf, sal weliswaar tot voordeel van die kandidaat strek. Die persoon sal die unieke geleentheid kry om saam met ervare en kundige personeel te werk. Deurlopende, intensiewe opleiding, in onder andere, die gradering van koring, gars, hawer, canola, mielies, ens. sal verskaf word. Dit is weereens 'n seldsame geleentheid vir die regte persoon om hom/haar te bekwaam in 'n veld waar ondervinding en spesialis kennis 'n skaars vaardigheid en dus baie waardevol is. Langtermyn loopbaan geleenthede as Graangradeerder, Silo-operateur en selfs uiteindelik as Silo-bestuurder by SSK is moontlik.

Besoek gerus SSK se webblad **(www.ssk.co.za)** - *Oor ons, - Loopbane* vir besonderhede oor vakatures of kontak SSK se Menslike Hulpbronne afdeling vir verdere navrae.


Die SSK Solar installasie by die Bloubessiepakstoor van Van Greunen Boerdery in George.

Kontak:
**Hector Odendaal**
solar.ssk@gmail.com
072 806 5669

SOLAR ENERGY TECHNOLOGIES



# Agri Land

Jy's by die regte plek




**KAUFMANN**
Sofa Stoel Khaki
R799.00 Elk
1537000




**KAUFMANN**
Fles Vlekvrye Staal
1.5ℓ
R295.00 Elk
00300920

## CROWN NATIONAL

| | | |
|---|---|---|
| OUMA'S BOEREWORS | - 1.1KG | R99.95 |
| BRAAI | - 1KG | R56.95 |
| STETSON BEEF | - 1KG | R47.95 |
| KAASGRILLER | - 1KG | R52.95 |
| BILTONG | - 2KG | R146.95 |



**HI TEC**
Sherpa Baadjie
Khaki
Size Klein Tot 4XL
R729.95 Elk



**KAUFMANN**
Ketel Vlekvrye Staal
2.5ℓ
R119.00 Elk
00300922



**KAUFMANN**
Kollig Led T650
Herlaaibaar
R429.00 Elk
00301156




**KAUFMANN**
Koplig T700
R239.00 Elk
00301219



**KAUFMANN**
Rondeneus Graaf
4 x 4
R69.00 Elk
1520940



**HI TEC**
Chelsea Stewel
Bruin
S6 - S12
R569.95 Elk



**HI TEC**
Kouse
Beskikbaar in Bruin/Khaki ; Grys/Swart ; Navy/Denim ; Olyf/Grys
R64.95 Elk



**PROMARK**
Camo Boshoed
Medium - 2XL
R129.95 Elk



**PROMARK**
Camo Toms
Materiaal Hoed
Medium - 2XL
R299.95 Elk
0736611

**PRYSE GELDIG VANAF 12 MEI 2018 TOT 20 JUNIE 2018 BY GESELEKTEERDE TAKKE. F & WU.**

ONS BEHOU DIE REG VOOR OM HOEVEELHEDE TE BEPERK, FOTO'S MAG VAN WERKLIKE PRODUKTE VERSKIL. PROMOSIE GELDIG SOLANK VOORRAAD HOU. PRYSE SLUIT BTW IN. BESTUUR KAN NIE VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR ENIGE VERANDERINGS OF DRUKFOUTE WAT MAG VOORKOM NIE. PRODUKTE WAT NIE IN VOORRAAD IS BY U NAASTE TAK NIE, IS BESKIKBAAR OP BESTELLING.

**ABERDEEN** - TEL: 049 846 0489 • **ALBERTINIA** - TEL: 028 735 1094 • **AVONTUUR** - TEL: 044 752 3004 • **GEORGE** - TEL: 044 801 4500 • **HEIDELBERG** - TEL: 028 514 8600 • **HERBERTSDALE** - TEL: 044 651 1676 • **HEROLD** - TEL: 044 888 1626 • **KNYSNA** - TEL: 044 382 3027 • **KRAKEEL** - TEL: 042 274 2201/16 • **MISGUND** - TEL: 042 275 1409/21 • **MOSSELBAAI** - TEL: 044 601 1200 • **NOLL** - TEL: 044 745 1277 • **PLETTENBERGBAAI** - TEL: 044 533 0495 • **RIVERSDAL** - TEL: 028 713 2404 • **ROBERTSON** - TEL: 028 514 8684 • **STILBAAI** - TEL: 028 754 3520 • **SWELLENDAM** - TEL: 028 514 8770 • **TWEE RIVIERE** - TEL: 042 273 1905 • **UNIONDALE** - TEL: 044 752 1217

SSK
SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE BPK • LTD
www.ssk.co.za

OJA 40541

# MENSE EN DINGE



V.l.n.r: Villiers van Veen (Hoofbestuurder Finansies en Admin), James- en Roelda Ackhurst en Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte).

40 jaar diens by SSK! Voorwaar 'n groot prestasie vir James Ackhurst van SSK Versekering .



V.l.n.r: A'nel Terblanche, Driekie Uys, Milly Esau, James Ackhust, Hanlie Uys, Nellie Venter en Hennie Viljoen.

Die SSK Heidelberg Versekeringsafdeling het op 17 April 2018 die dames van die plaaslike Vroue-Landbouvereniging toegespreek rakende korttermyn-versekerings-aspekte wat betrekking het op die vrou/eggenoot.

Na afloop van die bespreking is daar gelukkige pryse uitgedeel wat geborg is deur SSK, Eureka Meulens en Santam en elke dame het 'n lekker geskenkpak vol interessanthede ontvang.




Die indrukwekkende SOILL/Tongaat Hulett trokke is 'n bekende gesig op ons paaie.

# SSK AGRILAND PAKMATERIAAL, HAARLEM

Die SSK AgriLand se Pakmateriaal-span wil graag elke lid en kliënt bedank vir die afgelope seisoen se getroue ondersteuning.

SSK AgriLand Pakmateriaal word bedryf vanuit Haarlem in die Langkloof, vanwaar hoë kwaliteit verpakkingsmateriaal versprei word.

Ons missie is om aan u, ons ondersteuner, 'n uitstekende kwaliteit produk teen 'n mededingende prys met uitstekende diens te kan lewer.

ONS SPESIALISEER IN:
Die verskaffing en verspreiding van vrugte-, blom- en industriële riffelkartonne asook houtpalette, plakkers-, plastiek, pulp en polistereen produkte. Aflewerings word landwyd gedoen.



Só lyk dit in 'n besige seisoentyd by AgriLand Pakmateriaal Haarlem.

Vir enige navrae rakende u verpakkingsbehoefte, kwotasies en kundige raad skakel ons gerus by:

**SSK AgriLand Pakmateriaal:**
Kantoor : Tel: 044 763 1088, Faks: 044 763 1062
Jaco Jonker: Sel: 082 821 2138 of e-pos: jaco.jonker@ssk.co.za
Gerhard Coetzee: Sel: 083 297 9707 of e-pos: gerhard.coetzee@ssk.co.za

**BLOMKARTONNE OOK BESKIKBAAR BY AGRILAND GEORGE- ASOOK RIVERSDAL VOERSTOOR.**

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za
DESIGN: NENANE BESTER - INFOGRAFIAC@GMAIL.COM | PRINTING : JETLINE PRINT ON DEMAND GEORGE